

Dinsdag 30 November

Skrifgedeelte: Jesaja 66:1-24

Fokusgedeelte: Jesaja 66:15-24

God se glorie in die oordeelsdag

As mens ken ons God op drie wyses. (1) As Skepper wat alles gemaak het en Homself in sy skepping openbaar sodat almal ten minste gedeeltelik kennis het dat Hy die God van glorie is (Ps. 19; Rom. 1:18-32). (2) Hulle wat op Christus alleen vertrou, ken God as Redder. As onverdiende sondaars ken hulle sy genade in hulle verlossing en het daardeur 'n beter verstaan van God se glorie (Rom. 9:22-24). (3) Onboetvaardige sondaars ken God nie as Redder nie, maar as Regter. Al probeer hulle dit ontken, ken hulle hul sonde en weet hulle dat die dag van oordeel kom (Rom. 2:1-16). Op daardie dag sê Jesaja sal die hele wêreld God se glorie beleef in sy finale oordeel oor die boosheid.

Jesaja verkondig dat God op daardie dag sal oordeel (Jes. 66:15-16). Op daardie dag sal geeneen God se blik ontglip nie, want Hy ken die “werke” en die “gedagtes” van alle mense (vs 18). Op daardie dag sal blote vormgodsdienste en uitwendig-mooi-lyk niemand red nie, want God sal 'n einde bring aan hulle wat boos is en aan hulle wat sy verbond verwerp of slegs vel-diep bekeer het (vs 17).

Dit sal egter nie 'n skrikwekkende dag vir almal wees nie. Vir ons wat Christus ken, sal dit 'n dag van redding wees, omdat God ons reeds regverdig verklaar het op grond van Christus se verdienste (Rom. 5:1-2; 2 Kor. 5:21).

Op daardie dag sal God sy glorie openbaar. Alle nasies sal dit sien (vs 18), en dit sal deur almal verkondig word (vs 19). Die dag van oordeel sal God se glorie vergroot omdat sy regverdigheid vir almal duidelik sal wees. Elke mond wat goddelike onregverdigheid wil roep, sal gesnoer word, want dit sal kristalhelder vir almal wees dat daar geen onreg in ons HERE is nie (Rom. 3:19). God se glorie sal vertoon word wanneer die borse ontvang wat hulle verdien en alles reggestel word. Laat ons nou reeds aan God glorie gee vir sy reg en bid dat die oordeelsdag vinnig kom.

Sing: Psalm 75-1:1, 4, 5

Ds. GD Oosthuizen (Orrie) (Vaalharts)